
MyStories
jou eie avontuur

NADIA

word 3







MyStories
jou eie avontuur

NADIA

word 3



Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Ronel Watkins
Uitleg deur Cené de Wit

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

Produk van Suid Afrika © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Eerste Afrikaanse uitgawe in 2026 deur MyStories(PTY)Ltd

“PSST!

Word wakker! Dis ’n NOODGEVAL!”
piep Floris en swaai sy pootjies dramaties rond.



“’n Noodgeval?” piep Fleur en knipper haar ogies angstig.
“Wat gaan aan?”

“VANDAG IS ’N GROOT DAG!”

sê Floris op sy deftige manier.



“Hoe groot?” Fleur loer skrikkerig rond.

“BAIE GROOT!

Iemand baie spesiaals verjaar vandag! Kom!”
“Regtig?” vra Fleur en klouter uit haar bedjie. “Wie? Wie is dit?”

Floris **SLEEEEEEP** haar uit die muisgat.

Hy wip op ’n pragtig toegedraaide
pakkie wat voor die muisgat lê.


Hy trek sy snorbaarde reg en
haal ’n koevertjie en drie kaartjies uit
sy bosak.



“Ons het ’n dringende verjaarsdagboodskap gekry,”
kondig Floris aan en swaai die koevertjie rond.

“Máár ons weet nie wié die verjaarsdagdogtertjie is nie.
Ons weet ook nie wáár sy is nie.”





“WAT?!” piep Fleur.

“Hoe moet ons haar dan kry?”

“Hier is hulp!” Floris swaai een kaartjie rond.
“Hier is die eerste leidraad.”

Leidraad #1
Vriendelikheid is in haar aard. Sy maak almal om haar gelukkig en wys dat sy omgee.

"HMMM ..."

Fleur hou haar koppie skeef.
"En hoe help dít?"
Floris krap sy kop.
"Hoe ook al, kom ons begin soek."







Hulle soek oral.











"KRY JY HAAR?"

piep Fleur moedeloos.

"Neeeee ..."

Floris hou nog ’n kaartjie op.
“Hier is die tweede leidraad:



“AAHA!”

Fleur glimlag.

“Ek hou sommer baie van hierdie dogtertjie.
Maar is daar nie nog ’n leidraad nie? Wat staan dáárop?”



Floris hou die laaste kaartjie op en gee ’n kuggie.
Maar ai, net toe hy die derde leidraad wil lees ...

... waai dit **WOEPS!**

... uit sy pootjie en dwarrel
hoog die lug in.



"O NEE!"
roep Floris.

"VANG DIT!"
skree Fleur.

Sy spring op en af en gryp daarna.
Die twee muise wip en hop en tol
agter die kaartjie aan.



"KOM TERUG!"


roep Floris met 'n verhoogstem.
"Land! Land! Asseblief …" smeek Fleur.

Die kaartjie draai en draai, fladder weer weg,
tol drie keer en land bo-op 'n donsige kombers.

Die twee muise klouter tot bo,
en Floris tel die kaartjie versigtig op.

Hy lees hardop: “N is die eerste letter van haar naam.”

“Net één letter?” vra Fleur.
“Kon hulle nie maar haar hele naam gegee het nie?”



“Maar dan was dit mos heeltemal te maklik!” sê Floris.
Hy lees verder: “En … vandag word sy drie jaar oud.”

“Hoe moet ons haar met sulke moeilike leidrade kry?” kla Fleur.



“OE!”

roep Floris skielik en gooi sy pootjies dramaties in die lug.

“Kyk!!!” Hy wys na die kombers.

Die kombers begin wikkel.
En vyf klein toontjies verskyn.

Fleur wil-wil weghardloop, maar Floris hou haar poot styf vas.

Die twee muise skarrel na onder en lig die kombers op.
“Dis sy!” piep Fleur. “Ons het ons verjaarsdagmaatjie gekry!”

"Jy is reg. Dis **NADIA**," bevestig Floris.
"Maar sy slaap nog," fluister Fleur.
"Nie meer nie! Kyk, sy is wakker," sê Floris. "Kom!"
Hulle skarrel af ondertoe en sleep die pragtig toegedraaide pakkie steun-steun tot bo-op die bed.





En net daar maak Nadia albei ogies oop.
Dadelik begin die twee muise sing:

"VEELS GELUK MET JOU DERDE VERJAARSDAG, NADIA!!!"

Fleur sing net gewoonweg. Floris sing asof hy op 'n verhoog staan.



Net toe swaai die die
kamerdeur oop ...

en ‘n heerlike verjaarsdagkoek
word ingedra

“JAMMIE!”

sê Floris en lek sy lippe af.

Maar Fleur skrik só groot, sy pluk
hom aan die poot en sleep hom weg.

In die geharwar laat Floris die koevertjie met die
spesiale verjaarsdagboodskap val, en hulle
skarrel agter die gordyn in.

Nadia sien die koevertjie op haar bed lê. Sy tel dit op, maak dit oop en ontdek ’n baie spesiale boodskap, nét vir haar …



Hierdie boek is spesiaal vir JOU gemaak, Nadia!

Vandag is jou groot dag, en ons vier sommer alles wat JOU so besonders maak!

Jy maak ons harte só bly.
Ons is baie, baie, BAIE lief vir jou.

Met liefde,

Van Mamma Anke en Pappa Christiaan.

Die twee muise loer agter die gordyn uit.
“Beste verjaarsdag ooit,” fluister Fleur.
Floris knik. “Groot pret!” sê hy en maak ’n groot buiging.

Die gordyn val toe voor die twee sterre.

EN RAAI WAT?

Die muise het ook ’n stukkie koek gekry.



Die einde



Dis ’n BAIE groot dag! Iemand baie spesiaals verjaar vandag, en die twee muise, Floris en Fleur, het ’n belangrike verjaarsdag-boodskap om af te lewer.

Daar is net één probleem … hulle weet nie wie die verjaarsdag-dogtertjie is of waar om haar te kry nie!

Met drie geheimsinnige leidrade begin die twee muise soek. Maar sal hulle haar betyds opspoor?

Maak gereed vir ’n verjaarsdag vol muis-manewales, groot verrassings en sommer BAIE liefde!

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za



Proef_03